
*AFRIKAANS - "The Two Roads"*

# DIE TWEE WEË



## DIE KEUSE VAN DIE PAD

Wanneer ons 'n rit onderneem na 'n plek waar ons nog nie tevore was nie, doen ons navraag oor watter pad ons moet vat. Ons reis dan ook met ons oë wyd oop en wanneer ons merk dat ons op die verkeerde pad beland het, draai ons terug en is op die uitkyk na die regte een. Elke dag reis ek en u deur hierdie wêreld na die ewigheid, na 'n bestemming wat nooit sal eindig nie en wat nie kan verander word wanneer ons daar aankom nie. Weet u waarheen u gaan?

## ONS GIDSBOEK

God, in Sy liefde en genade, het aan ons 'n Gidsboek, die Bybel, gegee wat ons duidelik die weg na die hemel aantoon. Die aanhalings in hierdie pamflet is uit hierdie Boek geneem. "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad." (Psalm 119:105).

## DIE BREË WEG

Daar is baie mense op hierdie besondere pad. "Gaan in deur die nou poort,

want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan." (Matt. 7:13).

Meeste van hulle se oë is geslote. Hulle weet nie; of hulle gee nie om dat hulle op die pad van verderf is nie. "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood." (Spr. 14:12). Die god van hierdie wêreld het die sinne verblind van hulle wat nie glo nie. (2 Kor. 4:4).

**DIE LASTE**

Die mense op hierdie pad gaan gebuk onder **sonde. "Want almal het gesondig,** en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God." (Rom. 3:23). Ons kan selfs nie een enkele sondetjie voor God verberg nie. **Die laste is vasgeketting op hul rug.** U en ek kan nie daarin slaag om ontslae te raak van een enkele sonde deur ons eie pogings nie. Die las word swaarder met verloop van tyd, "Want die loon van die sonde is die dood." (Rom. 6:23).

**DIE WEERLIGSTRAAL**

Die **weerligstraal** in die tekening verteenwoordig God se **oordeel.** "En net soos die mense bestem is om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel." (Heb. 9:27).

**DIE VUUR**

Omdat God heilig en regverdig is, moet daar 'n straf wees vir sonde. Gods Woord vertel ons dat daar 'n hel is, 'n plek van ewigdurende straf vir hulle wat nie God onderdanig is nie. Die Bybel sê: "Die goddelose sal teruggaan na die doderyk, al die heidene wat God vergeet." (Psalm 9:18). U hoef nie baie sleg te wees om daarheen te gaan nie – dit is ook vir diegene wat God vergeet het. Maar God is ook 'n God van liefde "en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom." (2 Pet. 3:9). In Sy groot genade en liefde, het Hy 'n **pad van ontsnapping daargestel aan almal wat dit werklik wil aanneem. Wil u die weg van die lewe ontdek?**

**DIE WEG VAN DIE LEWE: DIE SALIGMAKER**

Omdat ons nie onsself kan verlos van ons sonde nie, ook nie van die regverdige straf vir ons sonde nie, **het God 'n saligmaker daargestel.** "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16). God, die Hemelse Vader, het Sy eniggebore Seun, onse Here Jesus Christus, gestuur uit die hemel na hierdie wêreld; Hy het as mens geleef, maar nooit gesondig nie. Waar Hy gegaan het, het Hy goed gedoen: siekes gesond gemaak, melaatses gereinig, duiwels uitgedryf, vergifnis geskenk aan berouvolle sondaars en mense aangaande God geleer.

Maar Sy groot doel om as mens te leef, was om te sterwe as 'n offer vir almal van ons: om Sy Goddelike, sondelose lewe te skenk, en Sy kosbare bloed te stort, om die boete te betaal vir ons sondes. Hy het toegelaat dat goddelose mense Hom wegneem, Hom ge´sel totdat Sy rug bedek was met bebloede hale, 'n kroon van dorings op Sy hoof plaas, en uiteindelik, om Hom

aan Sy hande en voete vas te spyker aan 'n kruis, waar Hy in pyn gehang het. "Wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het." (1 Pet. 2:24). Hy het vir u en vir my gesterf.

**SY WEDEROPSTANDING**

Na drie dae in die graf, het Jesus Christus uit die dode opgestaan. Hy het saam met sy dissipels gepraat en geloop, en na veertig dae het Hy opgevaar na die hemel, waar Hy sit aan die regterhand van God, 'n lewende Saligmaker, met "alle mag in die hemel en op aarde." (Matt. 28:18). "Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. (Heb. 7:25).

**DIE HEMEL**

Die Hemel is die plek waar God in al Sy glorie woon. Die Here Jesus sê: "In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." (Joh. 14:2,3). Dit is 'n wonderlike plek. "En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie, ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie want die eerste dinge het verbygegaan" ...... "En nag sal daar nie wees nie ... omdat die Here God hulle verlig." (Openb. 21:4; 22:5). "En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam." (Openb. 21:27).

Maar daar is net **een pad** na die hemel. Die Here Jesus Christus sê: "**Ek is die weg** en die waarheid en die lewe; **niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.**" (Joh. 14:6). "**Want daar is ook geen ander naam** onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." (Hand. 4:12).

**HOE KAN ONS OP DIE PAD NA DIE HEMEL TOE KOM?**

1. **"Bekeer julle, en glo die evangelie."** (Mark 1:15). Om berou te hê, is om die sonde te versaak en na God te keer met ons hele hart.
2. **Gaan na die Here Jesus Christus,** in gebed, net soos u is met u sondelas, en vra Hom om vergifnis aan u te skenk. Hy sê: "En ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie." (Joh. 6:37). "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." (Matt. 11:28).
3. **Glo alleen in God vir u redding.** "Die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde." (1 Joh. 1:7).
4. **Hy sal u 'n nuwe lewe skenk ... ewigdurende lewe.** Christus het gesê: "Wie My Woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe." (Joh. 5:24). "Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword." (2 Kor. 5:17).
5. U sal vrede en die versekering hê. "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus." (Rom. 5:1). "En dit is die getuienis: dat God ons ewige lewe gegee het, en dié lewe is in

sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het die lewe nie. Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God." (1 Joh. 5:11-13).

**HOE OM DIE NUWE LEWE TE BEOEFFEN**

1. **Lees die Bybel** elke dag. Behalwe dat dit 'n lig vir ons pad is, is dit voedsel vir ons siel. "En verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord dat julle daardeur kan opgroei." (1 Pet. 2:2). Vra God om julle te lei en te onderrig terwyl julle lees, deur Sy Heilige Gees.
2. **Kom nader tot God in die gebed elke dag,** bid in die naam van Jesus. "Wees oor niks besorg nie maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus." (Filip. 4:6,7).
3. **Praat met ander oor Christus.** "Gaan na jou huis, na jou mense toe, en vertel hulle watter groot dinge die Here aan jou gedoen het." (Mark 5:19).
4. **Roep tot God in die versoeking.** Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word." (Heb. 2:18).
5. **Probeer om saam met ander wat in die Here Jesus Christus glo, te verkeer.** "Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle lief gehad het." (Joh. 15:12).
6. **As u in sonde verval, bely dit dan gou tot God.** "As ons ons sondes bely. Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." (1 Joh. 1:9)
7. **Wees God altyd gehoorsaam.** "As iemand My liefhet, sal hy My woord bewaar." (Joh. 14:23).
8. **Moenie bevrees wees nie, want God is met u.** Hy het gesê: "Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie." (Heb. 13:5).
9. **Gee uself geheel en al aan die Here Jesus Christus.** Laat Hy u lewe vir u bestuur volgens Sy wil. Op hierdie manier sal u ware geluk vind.

**Die Here Jesus Christus is die enigste saligmaker en Hy is ook die volledige saligmaker Hy is al wat u nodig het!**

---

As u deur ons Evangelielektuur saligheid in Christus gevind het, of andersins seën daaruit ontvang het, laat ons asseblief weet. Ons wil graag die Here saam met u daarvoor dank, en u verder in ons gebede onthou.

Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan:

**E-MAIL: info@angp.co.za**

**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**

**POSBUS 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**

('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)

(Reg. No. 1961/001798/08)